**26 Februarie**

## Slegs kinders toegelaat!

**Skrifgedeelte: Markus 10:13-31**
**Fokusgedeelte: Markus 10:13-16**

Jesus is op pad na Golgota. Die mense verdring mekaar om by Jesus uit te kom. Die moeders met hulle kindertjies is ook daar. Hulle wil hê dat Jesus hulle kindertjies moet aanraak. Die dissipels raas met hulle. Hulle mors Jesus se tyd met sulke onbenullighede!

Jesus was verontwaardig toe Hy sien dat die dissipels die kindertjies verhinder: "Moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle" en: "Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie." Dit is die trefpunt van die verhaal. Dit gaan nie oor Jesus, die groot kindervriend wat mense wil leer hoe hulle houding teenoor kinders moet wees nie. Dit gaan daaroor dat ons by kinders moet leer wat ons houding teenoor God en sy koninkryk moet wees.

Die belangrikstes in God se koninkryk is die geringes en die veragtes. Ook die kindertjies wat geen regte gehad het nie. Jesus het juis vir sulke mense na hierdie wêreld gekom. Maar nou verhinder hulle die kindertjies.

Moenie hulle verhinder nie. Kinders is belangrik. Ons moet soos kinders wees. Word klein voor God, soos 'n kind wat sy kleinheid besef. Weet dat jy volkome van God afhanklik is, soos 'n kind afhanklik is van sy ouers en hulle versorging. Wees ontvanklik vir God se Woord soos net 'n kind ontvanklik is. Vertrou ten volle op God, soos 'n kind sy ouers vertrou en blindelings volg. Glo soos 'n kind!

So 'n kinderlike geloof laat die poorte van die hemelryk oopswaai. Daarbo staan geskrywe: SLEGS KINDERS TOEGELAAT!!!

*Sing: Skrifberyming 16-1:1, 2, 3*

*Ds. Abri Pelser (Meyerspark)*